**Maandag 31 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-17 (OAV & NAV))**
**Fokusgedeelte: Jesaja 7:14**

## Agas – God gee ’n teken van bemoediging

’n Aantal van die koninkryke onder leiding van Resin van Damaskus en Peka van Israel het besluit om ’n koalisie teen Assirië (wat besig was om ’n bedreiging te word) op die been te bring. Hulle wou Agas (hy hou vas) van Juda by die koalisie betrek, maar hy het geweier. Daarom het Resin en Peka besluit om Agas met geweld te dwing om deel van die koalisie te word.

Deur die profeet Jesaja ontvang Agas van God ’n boodskap van bemoediging: “Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! God sal sorg dat daar niks kom van die aanval van Resin en Peka nie.” In Jesaja 7:9 hoor ons dat God geloof vra, dit wil sê volkome vertroue en afhanklikheid op Hom.

Agas kan enige teken kies as bevestiging van die boodskap dat Resin en Peka sal misluk, maar hy weier. Sy rede dat hy God nie wil tart nie, klink baie vroom, maar eintlik is dit maar net ’n verskoning om sy ongeloof weg te steek.

Ten spyte van Agas se opstandigheid teen die Here gee die Here tog ’n teken van verlossing (Immanuel – GOD BY ONS) wat na die verlossing van Jesus Christus heenwys. Weens Agas se ongeloof is dit egter vir hom ’n teken van oordeel, wat dan ook later aan die hand van Assirië plaasgevind het.

Deur koning Agas praat God vandag nog met jou. Immanuel is vandag nog ’n teken van verlossing of oordeel. Vir dié wat glo, is Jesus ’n seën en verlossing, maar vir hulle wat nie glo nie, is Immanuel ’n teken van oordeel.

Gaan Immanuel ook vir jou ’n teken van oordeel wees weens jou ongeloof, of gaan dit ’n seën en verlossing wees omdat jy in geloof vashou aan die soenverdienste van Jesus aan die kruis wat ter wille van jou Mens (GOD BY JOU) geword het?

*Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5*
*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*